Acacia erubescens

E: yellow bark acacia, bluethorn, blushing bride
A: berkebasakasia, blouhaak, withaak, soetgom
D: Birkenrindenakazie
H: omungongonwi

Acacia fleckii

E, A, D: Sandveld acacia
H: omutaurambuku

Dit is dikwels REGTIG MOEILIK, om verskillende akasiasoorte te identifiseer; by hierdie twee geld dit ook. Eintlik sou dit nie so erg gewees het nie, as ene hier by ons voorgekom het, die ander nie, maar hulle kom albei hier voor.

Verskille:

A.erubescens
Hulle kom meer in die westelike dele van die land op klipperige grond voor. Die blomme vertoon ligpienk (blushing bride) tot vuilwit op KAAL takke in die lente vanaf Augustus tot Oktober.

Die blaarsteeltjie is 1 tot 2,5 cm lank.
Daar is 3 tot 7 paar "sytakke" van die geveerde blare.

A.fleckii
Hulle groei in diep sanderige grond, vandaar die naam "sand-veld akasia" meer in die ooste. Die blomme is witgeel, verskyn in die somer vanaf November tot in April op BEBLAARDE takke.

Die blaarsteeltjie is slegs 0,5 tot 1 cm lank.
Daar is tot meer as 10 paar "sytakke" van die geveerde blare.

Gebruike:

- Takke lewer goeie brandhout en/of word vir die bou van pondokke en heinings gebruik.
- Die bas laat melk stol (dikmelk) en/of word tot 'n tou gedraai.
- Bye hou baie van akasiablomme en maak 'n HEERLIKE heuning.
- Die gom , wat in Julie tot Augustus verskyn, smaak BAIE lekker.
- Wild en vee vreet graag blomme en peule.

Peule acacia erubescens

Gom van acacia erubescens (Hairab)

Hierdie akasiaspesies is egter geneig tot AGGRESSIEWE GROEI (indringerbos) en vorm digte, amper ondeurdringbare kolle. Oppas daar! Die vuurhoutjieplant (Tapinanthus oleifolius) sit graag op akasias. Ruspes vreet party jare die bosse HEELTEMAL kaal.

Inligtingsbronne: Tree Atlas of Namibia (Barbara Curtis, Coleen Mannheimer)
Acacias, a field guide to the acacias of southern Africa (Lynette Davidson, Barbara Jeppe)
Baeume und Straeucher im Etoscha Nationalpark (Cornelia Berry, Blythe Loutit)
Teks: Anka Eichhoff
Fotos peule en gom: Anka Eichhoff
Fotos blomme en blare: Wikipedia

Augustus 2015